SAKE 24 (Beeld)
02 Aug 2011, p.4

Van links na regs is mnre. Stan Garrun, besturende direkteur van die IPD SA, en Ron van der Bos van die BDO Springbok-fonds, me. Nicole Weir van Atterbury, en mnre. Jeff Zidel van Resilient en Frank Berkeley van Nedbank Corporate Property Finance.

Atterbury Investment stap met die louere weg

Elma Kloppers, Johannesburg

Atterbury Investment Holdings is as die oorhoofse wenner aangewys by die Investment Property Databank (IPD) se eiendomsbeleggingstoekennings vir 2011, wat verlede week in Kaapstad oorhandig is.

Atterbury het 'n totale jaarlikse opbrengs (inkomste en kapitaal) van 17,6% oor 'n tydperk van drie jaar gelewer.

Hy was ook die wenner in die kantoorkategorie met 'n totale jaarlikse opbrengs van 20,9% oor drie jaar.

In die kleinhandeleiendomskategorie het die genoteerde eiendomsfonds Resilient met die louere weggestap met 'n totale jaarlikse opbrengs van 16,8% oor die drie jaar tot einde Desember 2010. Die wenner in die nywerheidseiendomskategorie was die BDO Springbokfonds met 'n totale jaarlikse opbrengs van 23,8% oor drie jaar. Die toekenning is gegrond op eiendomsdata soos gemeet deur die IPD. Die eiendomsfondse wat by die IPD se databasis ingesluit is, verteenwoordig 61% van alle bestuurde eiendom in Suid-Afrika. Dit sluit in genoteerde en ongenoteerde eiendom.

Mnr. Stan Garrun, besturende direkteur van die IPD Suid-Afrika, sê die toekennings fokus op die onderliggende eiendomsbeginsels.

Die impak van onder meer hefboomfinansiering en diensgelde word uitgesluit.